Hierdie Koning

Die seuntjie in die stal in Bethlehem was ‘n regte seuntjie gewees
Gebore ‘n gewone werker maar ontvang van die Heilige Gees
Verwerp, misken, verneder deur die mense van sy dag
want wie sou ooit uit Nasaret ‘n koning verwag ?
Maar hierdie seuntjie het groter geword en deur die Gees gelei
ten spyte van sy godheid, net ‘n gewone mens gebly
En al was Hy die Heerser van die skepping gewees
was Hy ‘n doodgewone seuntjie
maar gesalf en sonder sonde deur die Heilige Gees

Die Timmerman van Nasaret was ‘n gewone man gewees
Maar die deernis in sy oë was die liefde van die Heilige Gees
verwerp, vervolg, beledig, deur die leiers van sy dag
Want wie sou ooit ‘n koning tussen armes en siekes verwag ?
Ja hierdie Koning was gehoorsaam gewees aan wat sy Vader Hom vra
en, ten spyte van sy godheid, het Hy sy dienaars se las gedra
En al was Hy die Heerser van die skepping gewees
Was Hy ‘n doodgewone man
wat harte weer kon heelmaak en siekes genees

Die spykers in Jesus se hande was regte spykers gewees
Die koning van die Jode het die teken bo sy kop gelees
Vervloek, vermink, gemartel deur die mense daardie dag
Want wie sou ooit ‘n Koning stukkend aan ‘n kruis verwag ?
Ja hierdie Koning het sy lewe gegee, Hy’t volkome gely
en ten spyte van my sonde God se prys betaal vir my
En daardeur het Hy finaal die hel se magte verslaan
Hy was drie dae lank begrawe
maar deur die krag van God se Gees weer opgestaan

Ja hierdie Koning is waardig en heilig. Hy is op die troon
En ten spyte van myself - wil hierdie Koning in my woon
Ja hierdie Koning is al wat ek in my lewe begeer
Hy is die Weg , die Waarheid, die Lewe
Ek glo dit - ek weet dit verseker ...
Hierdie Koning kom weer

My gebed vir jou

Dit is laataand - die reëndruppels huil teen die ruit
Die stilte druk my vas - en ek staar voor my uit
Dis donker in my hart - daar is wolke voor die maan
En ek wonder hoe dit vanaand met jou gaan

Ek weet dat jy soms sukkel net om staande te bly
Jou stil eensaam aande gaan soms so stadig verby
Daarom vra ek die Vader dat Hy jou sal seën
Want ek weet net soos ek is jy ook alleen
Ek bid vir jou vir vrede ver bo alle verstand
Ek seën jou met vreugde uit die Here se hand
mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy Sy liefde teer en sag ervaar

Al is jy dikwels hartseer en al is jy alleen
En al vloei daar soms trane soos hierdie laataand se reën
Wil ek hê dat jy sal weet en altyd sal onthou
ek's lief vir jou en ek bid elke dag vir jou
Ek bid dat jy sal vol word van die Heilige Gees
en dat jy deur Sy leiding meer soos Jesus sal wees
mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy Sy liefde teer en sag ervaar

Mag Hy jou teen die seerkry van alleen wees bewaar
en mag jy, in Jesus, ook my liefde ervaar

My winter

My winter is ‘n koue tyd, ‘n doodgaantyd, ‘n seerkrytyd
in die loop van my lewe se verhaal
Die yswind van my wintertyd is baie koud en hy waai so wyd
Laat die bome in my hart grys en kaal

Ek voel die ou bekende seer van my wintertyd
en ek weet ek sal maar weer die pad moet loop
Want soos die siklus van seisoene elke jaar herhaal
Weet ek dis nou weer tyd
om die jas van my geloof teen die koue toe te knoop

Maar winter is eintlik goeie tyd - al is dit soms ‘n bitter stryd
Eers in die vaatjie word goeie druiwe goeie wyn
Want voor die môre was dit eers nag gewees
en seer sal net met tyd genees
en Kanaän kom eers na die droë woestyn

Ek leer my Skepper ken in my wintertyd
Ek kan warm teen die koue by Hom skuil
Kon Josef ooit die donker van sy put verstaan ?
So moet ek ook leer
om in geloof te staan - al moet ek soms ook huil

Ek voel die ou bekende seer van my wintertyd
maar ek glo dat die somer weer sal kom
Dis die saad wat later lewe en lig sal bring
‘n belofte koud verys
wat eendag in die son tot God se eer sal blom

Skimme

Daar is skimme op donker balkonne
met leë oop koffers wat wag
Daar is skimme op skemerperronne
wat wag op 'n trein na die nag

Weerlose, weerlose mense
Op reis van perron na perron
In 'n middernagland sonder grense of tyd
en 'n ewigheid ver van die son - van die son
en 'n ewigheid ver van die son

Daar is skimme gewikkel in jasse
Verskans teen die winde van ys
Daar is skimme met kiste soos tasse
Vol drome gepak vir die reis

Weerlose, weerlose mense
Op reis van perron na perron
In 'n middernagland sonder grense of tyd
en 'n ewigheid ver van die son - van die son
en 'n ewigheid ver van die son

As jy net glo

As jy net glo dat Jesus waarlik leef
As jy net glo Hy het jou regtig lief
Dan sal jy weet wat ware vrede is
In die stilte van Sy rus
As jy dit net sal glo

As jy net staan op die Rots van jou geloof
As jy kan hoop sonder om te sien
Dan sal jy weet hoe berge kan verdwyn
Hoe God se lig kan skyn
As jy maar net wil glo

Want as jy glo kan jy deur die storms staan
en deur jou donkerste nagte gaan
En deur te glo vervul jy God se wens
Sy diepste wil vir jou as mens

As jy net glo sal ander ook kan leef
As jy net glo word die koninkryk gebou
Want as jy glo sal mense duidelik sien
En ook die Here dien

Dis waarom jy moet glo

Bou die muur

Die muur om Jerusalem het sterk gelyk
Dié vesting sou vir altyd staan
Maar die volk van die Here het verkeerd gekyk
Want Babel se manne het hom platgeslaan

In ballingskap is hulle weggelei
want die koning se wet het vas gestaan
En in Babilon baie swaar gekry
Eers na sewentig jaar kon hulle huistoe gaan
Hulle bou toe weer om Jerusalem ‘n muur
Dit het baie baklei en baie sweet geëis
maar gou was dit klaar - want elke ou bou net voor sy eie huis

Bou die muur, bou die muur
Die Here Jesus kom dis die laaste uur
Bou die muur, bou die muur
Bring vir jou ‘n troffel en kom bou aan die muur

Kyk hoe lyk die muur hier om ons my vriend
Hoe lank dink jy gaan hy nog staan ?
Kom ons bou vir ons ‘n Jesus-muur
Voor die sonde van die wêreld ons plat kom slaan
Kom ons bou vir ons ‘n Jesus-muur
Dit gaan baie baklei en baie sweet van ons eis
maar ons is amper klaar
want elke ou bou net voor sy eie huis

Bou die muur, bou die muur
Die Here Jesus kom. Daar’s nog net een uur
Bou die muur, bou die muur
Kom in geloof en kom bou aan die muur

Bou die muur, bou die muur
Die Here Jesus kom. Daar’s nog net een uur
Bou die muur, bou die muur
Bring ‘n swaard en ‘n troffel en kom bou aan die muur

Bou die muur, bou die muur

Bekering

Sonde Besef

Verwarring Pyn Soeke

Ontdekking Ondersoek

Aanvaarding Helderheid Ware berou

Belyding Oorgawe Gebed

Vergewing Aangeneem Skoongewas

Nuwe krag Nuwe Pad Nuwe doel

Nuwe leiding Nuwe lewe Nuwe mens

Nuwe krag Nuwe Pad Nuwe doel

Nuwe leiding Nuwe lewe Nuwe mens

Nagmaal

Hier’s ons almal weer vergader in die naam van die Heer
by die feesmaal om Sy tafel net soos Hy dit wou hê
En as almal dan die oë sluit om Hom daarvoor te dank
dan is dit asof Jesus self weer vir ons kom sê :

Neem nou die brood, neem en weet dit is ék
Dis die teken van my liggaam wat gesterf het in jou plek
Neem nou die brood en terwyl jy dit eet
Dink aan hoe jy dikwels nog my offerdood vergeet

Neem ook die wyn, neem en weet dit is my bloed
Dit wys na hoe my kruisdood jou sondes moes vergoed
Neem nou die wyn en terwyl jy dit geniet
Dink aan die verlossing wat my offerbloed jou bied

Neem die brood neem die wyn dis my liggaam dis my bloed
Dink aan my en hoe Ek aan die kruis vir jou moet boet

Ons bely (Pie Jesu)

Here Jesus - Here Jesus
Here Jesus - Here Jesus

Met dankbaarheid en in eerbied
kniel ons biddend voor U neer
en bely dat U ons Redder is

Here Jesus - Here Jesus
Here Jesus - Here Jesus

Ons glo U's ons Weg en Waarheid
en ons Lewe - Ons bely
dat U waarlik God en Redder is

Eer aan Jesus
Eer aan Jesus
Eer aan Jesus
Eer aan Jesus

Ons glo U's ons Weg en Waarheid
en ons Lewe - Ons bely
dat U waarlik God en Redder is

Jesus Christus
U is Koning
U ... is ons Redder

Aandgesang

Aan U o God my dankgesange
U wil ek in mjy aandlied prys
Al kwyn die sonlig teen die hange
U lig my lig sal hoër rys
U lig my lig sal hoër rys

U het my met U guns versadig
En as ‘n Vader my beskerm
Met seëninge so mildadig
U dag en nag oor my ontferm
U dag en nag oor my ontferm

Ek weet aan wie ek my toevertrou het
Al wissel dan ook dag en nag
Ek ken die Rots op wie ek gebou het
Van wie ek al my heil verwag
Van wie ek al my heil verwag

Die Here lewe (Hy het opgestaan)

Hoor jy die engelkore
Die Here lewe Hy't opgestaan
Voel jy die hemelvrede
Laat ons met lof en eer na Hom toe gaan
Die graf is leeg - sien die doeke lê
Met vreugde hoor ons weer die engel sê
Julle soek na Jesus - Hy is nie hier nie
Die Verlosser lewe Hy't opgestaan

Die Here lewe Hy't opgestaan
Deur krag met glorie deur die graf gegaan
Die Here lewe Hy't opgestaan
Deur dood na lewe die weg gebaan

Sien jy die vreugdesvure
Waar al sy kinders sy lig laat skyn
Smaak jy oorwinningsvreugde
As die hel se magte voor sy lig verdwyn
Want die graf is leeg - sien die doeke lê
Met vreugde hoor ons weer die engel sê
Julle soek na Jesus - Hy is nie hier nie
Die Verlosser lewe Hy't opgestaan

Die Here lewe Hy't opgestaan
Deur krag met glorie deur die graf gegaan
Die Here lewe Hy't opgestaan
Deur dood na lewe die weg gebaan

Die Here lewe Hy't opgestaan
Die Here lewe Hy't opgestaan
Die Here lewe Hy't opgestaan
Ons Verlosser lewe Hy't opgestaan